

## 8 Augustus

**Skrifgedeelte: Johannes 8:12-18**  
**Fokusgedeelte: Matteus 5:14-16**

### 'n Geloofwaardige getuie: wees 'n lig

Jesus sê: "Ek is die lig vir die wêreld" (Joh. 8:12). Aan sy dissipels sê Hy: "Julle is die lig vir die wêreld" (Matt. 5:14). Hierdie twee uitsprake is nie met mekaar in stryd nie; intendeel, ons as mense kan alleen die lig vir die wêreld wees as ons deur die geloof innig verbonde is aan Christus wat die bron van die ware lig vir die wêreld is. Hoe meer en hoe sterker ons geloofskontak en geloofsgemeenskap met Christus is, des te meer sal ons uit die geloof lewe en sal ons die lig vir die wêreld wees.

Lig het twee besondere kenmerke: dit *word gesien* en dit *laat sien*.

- m te verduidelik dat lig *gesien word*, verwys Christus na 'n stad wat bo op 'n berg lê: jy kan dit nie miskyk nie. So moet dit met die kerk as geheel en elke individuele gelowige afsonderlik wees. Hulle moet op grond van hulle wese anders as die ander mense wees omdat hulle deur Christus van hulle sondes verlos is en daarom geen behae daarin het nie. Vanweë hulle Christelike andersheid moet hulle deur ander mense gesien word. ○
- m te verduidelik dat lig 'n mens *laat sien*, sê Jesus dat 'n mens nie 'n lig met 'n emmer toemaak nie, maar op 'n lampstaander plaas sodat dit lig gee vir almal in die huis. Vir die gelowige wat die lig van God se genade in sy lewe ontvang het, beteken dit dat hy hierdie lig moet laat skyn in en oor die lewe van sy medemens deur Christus as Verlosser aan hom/haar te verkondig. So kan hy iemand wat nog in die donker van 'n lewe sonder God is, lei na die wonderbare lig van God se genade in Christus. ○

*Sing: Psalm 89:6 (1936)*

*Prof. PJ de Bruyn (Emeritus)*